

24 Maart

Matteus 16:13-20  
Fokusgedeelte: Matteus 16:18b-19a  
HK, Vraag 83

### Die belofte en eis van kerkwees

Om 'n verbondskind van God te wees en in die voorregte van die verbond op groot te word – ja, om Gereformeerd te wees – is 'n groot voorreg, maar dit kan ook lewensgevaarlik wees.

Aan die een kant is dit 'n voorreg, want dan deel jy in die genadegawe van die Here, naamlik om *kerk* te kan wees. Die kerk van Christus ontvang die belofte van Matteus 16:18b, naamlik “die magte van doderyk sal dit nie oorweldig nie.” Immers, die kerk staan tog op 'n rots, Jesus Christus! En die kerk, sê ons belydenis in vraag 83, het die “sleutels van die koninkryk van die hemel” ontvang. Daardie “sleutels” is die verkondiging van die evangelie wat elke dag geloof in ons harte werk, sodat dit ons bring tot selfondersoek, persoonlike tug en bekering (tweede sleutel). Dit is 'n heerlike belofte veral in hierdie tye van onrustigheid, kerkafval en kerkloosheid.

Maar aan die ander kant is kerkwees gevaarlik, omdat die kerk vir jou vanselfsprekend kan word. Soos jy opgevoed is, grootgeword het en geleer is, so gaan dit maar aan terwyl die voorreg en genade van kerkwees nie altyd tot jou deurdring nie. Daarom moet hierdie sleutels ons erns wees sodat ons kerk toe te gaan om werklik te kán groei in die geloof (eerste sleutel), maar ook elke dag in opregte bekering voor God te lewe (tweede sleutel). Só word ons werksaam in die koninkryk en aktiewe en lewende lidmate van die kerk van Jesus Christus.

Ons moet dus leef vanuit die belofte dat die magte van die doderyk die kerk nooit sal oorweldig nie, na die eis om waaksaam, biddend en geloofsparaat te lewe volgens die Woord van God. Dan word dit 'n genadevoorreg om kerk toe te gaan, om Bybel te lees en om te kan bid. Só leef ons as kerk wagtend en biddend op die wederkoms van ons bruidegom, Jesus Christus.

*Sing: Skrifberyming 15-7:1*

*Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)*

~~~~~